


## Daar is net twee groepe mense: Skape en Bokke

[Verbond met Abraham (1) – Roeping van Abram – Genesis 12:1-4]

In die studie oor die verbond met Noag ([Sien Artikel “Hoekom delg God nie alle goddeloses uit nie?”](#)) het ons gesien dat God belof om sy oordeel oor die sonde van die mensdom tydelik uit te stel sodat daar geleentheid is om sy verlossingsplan te implementeer. Die beginsels waarvolgens hierdie verlossingsplan werk, word deur God vanaf Genesis 12 deur die res van die Bybel bekend gemaak.

Die geskiedenis wat in Genesis 1-11 beskryf is, word dikwels die universele geskiedenis genoem, omdat God met die hele mensdom gewerk het: die ganse mensdom het in sonde geval en is onder die toorn van God. Selfs Noag het, nadat hy in die oë van die Here genade gevind het, weer in sonde geval – kyk maar net na Genesis 9:21 waar vertel word hoe hy dronk geword en kaal in sy tent gelê het.



Vanaf Genesis 12 word dit egter baie duidelik dat die mensdom in twee groepe verdeel is. Die vae onderskeid tussen die nageslag van Eva en die nageslag van die duiwel waarvan ons reeds in Genesis 3:15 lees, word vanaf Genesis 12 al duideliker, en sal deel van lewe op aarde wees tot die einde van die tyd, d.w.s. die oordeelsdag. Baie terme word in die Bybel gebruik om die 2 groepe te beskryf. Hier is net 'n paar:

|                  |  |
|------------------|--|
| Genesis 3:15     | Nageslag van Eva vs Nageslag van duiwel  |
| Matteus 25:31-33 | Skape vs Bokke   |
| Romeine 9:22-23  | Voorwerpe van God se ontferming vs Voorwerpe van God se toorn  |
| Romeine 9:6-9:   | Ware nageslag van Abraham vs Fisiese nageslag van Abraham (sommiges wat deel van die fisiese nageslag van Abraham is, is ook deel van die ware nageslag van Abraham) |

### Roeping van Abram (Genesis 12:1-4)

Abram is gebore uit die nageslag van Sem, een van Noag se seuns. Wanneer die Here Abram roep in Genesis 12:1-3, is Abram reeds 75 jaar oud. Let op: God roep vir Abram. Die inisiatief kom van God, nie van Abram nie. Wanneer God hom roep, maak Hy verskeie beloftes aan Abram, terwyl Hy ook die verwagting het dat Abram sal reageer op hierdie beloftes. God maak die volgende beloftes:

- God belof aan Abram 'n land om in te woon. Uit verse 6-7 is dit duidelik dat hierdie land Kanaän is. Die implikasie is egter dat Abram moet wegtrek van sy familie af – dit demonstreer 'n begin

van die skeiding wat God maak tussen Abram en sy nageslag teenoor die res van die mensdom.

- God beloof aan Abram 'n groot nageslag, al is Abram op hierdie stadium kinderloos (Genesis 11:30) – hulle sal groei tot 'n hele nasie, en later sal selfs al die volke van die aarde voordeel daaruit trek. Tog word daar duidelike onderskeid getref tussen sy nageslag, en die res van die mensdom.
- God beloof herhaaldelik dat Hy Abram sal seën. Duidelik sal God by Abram wees en vir hom sorg. In Genesis 17:8 sê God vir Abram dat Hy hulle God sal wees.

God se verwagting is dat Abram God se beloftes moet glo. Abram demonstreer sy geloof in God en sy beloftes deurdat hy gehoorsaam trek (vers 4). Wat verstommend is, is dat Abram alreeds 75 jaar oud is en kinderloos – en tog glo hy God se belofte van 'n land, 'n groot nageslag en God as sy God!

Dit is belangrik om raak te sien dat God **eers** beloftes maak aan Abram, en **daarop** volg Abram se geloof en gehoorsaamheid. Die volgorde is nie Abram was eers gehoorsaam en daarop volg God se beloftes nie. God neem die inisiatief, maak beloftes aan Abram, en dan glo Abram hierdie beloftes en reageer gehoorsaam daarop. Abram en sy nageslag kan onderskei word van die res van die mensdom weens hulle geloof in God en sy beloftes.

### **God se verlossingsplan kring al wyer uit**

In 'n sekere sin is Genesis 12:1-3 'n opsomming van die res van die Bybel, en gee vir ons 'n aanduiding van hoe God se verlossingsplan ontplooi gaan word:

- In vers 1 praat God met Abram oor wat God vir hom en sy direkte familie beplan. Die res van die boek Genesis beskryf in meer detail hoe dit gerealiseer het.
- In vers 2 beloof God dat Abram se nageslag tot 'n groot nasie sal groei. Ons weet uit die res van die Bybel dat sy nageslag die volk Israel sou wees. Vanaf Eksodus tot die einde van die Evangelies word vir ons vertel hoe God met Israel gewerk het.
- In vers 3 beloof God dat selfs al die volke van die aarde in Abram geseënd sal wees. Ons weet dat dit juis die inhoud is van die Nuwe Testament, en veral die boek Handeling, waar die verlossing nie meer grotendeels tot Israel beperk is nie, maar nou gebring word na alle volke, stamme, tale en nasies.

Ons kan dus verwag dat, soos wat ons verder en verder in die Bybel lees, God se verlossingsplan al duideliker en duideliker sal word, en dat dit al hoe wyer sal uitkring tot dit regoor die wêreld realiseer.

Die kritiese vraag bly natuurlik of mense die beloftes van hierdie plan sal glo, soos Abram. Indien wel, kan hulle verwag om deel te wees van die groep wat die Bybel beskryf as die nageslag van Eva (of skape, of voorwerpe van

ontferming). Indien nie, is hulle deel van die nageslag van die duiwel (of bokke, of voorwerpe van God se toorn). En tydens daardie finale oordeel wat God tans terughou ooreenkomstig sy verbond met Noag, gaan Hy skeiding maak tussen hierdie twee groepe. Die skape sal dan die ewige lewe ontvang, en die bokke die ewige dood (Matteus 25:46).

Glo jy God se beloftes? Is jy deel van die ware nageslag van Abram? Is jy 'n skaap? Demonstreer jou lewe hierdie geloof deur jou gehoorsaamheid aan God?